# WERKKAART 6
# MODULE 6

Blaai na bladsy 153 en lees die oorsigbladsy.

1. 'n Samestelling is wanneer twee of meer basisvorme saamgevoeg word. Skryf die samestellings neer wat in die eerste twee paragrawe voorkom.

2. Vorm samestellings met die woorde tussen hakies. Sommige samestellings het 'n verbindingsklank.
   a) Julle moet op aandag staan as die (volk + lied) gesing word.
   b) As jy navrae het, moet jy 'n (saak + brief) aan die mynbeamptes skryf.
   c) Na die (myn + ramp) het die inwoners 'n vreeslike (gees + wroeg) gehad om nie skuldig te voel nie.
   d) Vroeër jare is die diere in 'n (wa + huis) teen wind en weer beskerm.
   e) Julle moet nader staan, dit is amper (eet + tyd).
   f) Jy kan baie (boek + ken) opdoen as jy boeke lees.
   g) Op die dorp is 'n (seun + skool) en 'n (meisie + skool).
   h) Dit was 'n (vrou + persoon) wat die heldin van die ramp was.
   i) Selfs die vrugte in die (vrug + boord) het in die sinkgat verdwyn.
   j) Die (myn + kaptein) het sy broer, 'n (skip + kaptein), aan die dood afgestaan.

3. Herskryf die volgende sinne deur met die skuinsgedrukte gedeeltes te begin.
   a) Die mynramp het die inwoners onverhoeds betrap. *Die inwoners . . .*
   b) Die buurman vertel dat hy 'n gerammel gehoor het. *'n Gerammel . . .*
   c) Mynbestuur roep al die noodhulpmense bymekaar. *Al die noodhulpmense . . .*
   d) Die beeldhouer sal 'n beiteltjie gebruik vir sy nuwe kunswerk. *'n Beiteltjie . . .*

4. Die volgende sinne is veelvoudige sinne. Skryf die twee enkelvoudige sinne neer waaruit die veelvoudige sinne saamgestel is.
   a) Hulle kon nooit die lyke uithaal nie omdat die grond te onstabiel was.
   b) Joernaliste het per helikopter oor die gat gevlieg en dramatiese foto’s geneem.
   c) Die gesin het by die vensters uitgespring voordat die huis in die sinkgat verdwyn het.

5. Vorm veelvoudige sinne van die volgende twee hoofsinne.
   a) Sy wou by die agterdeur uithardloop. Hy wou die venster stukkend slaan.
   b) Britz het gesien sy bure se huis huiwer op die afgrond. Hy hoor 'n gerammel.

6. Skryf die hoofsin en bysin in die volgende sinne neer.
   a) Dit wys die gat van meer as 30 meter diep waarin die Oosthuizens se huis verdwyn het.
   b) Die voertuie, wat hulle gebruik het, is ook beskadig.
   c) Ek weet waar die man woon van wie jy my vertel het.
   d) Hy sê dat alles wat blink, nie goud is nie.

**Vir inligting oor u naaste boekhandelaar of vryskutagent kontak**
**Elana Bredell** Streeksverkoopsbestuurder: Skole (Kusstreke, Vrystaat, Noord-Kaap) | Regional Sales Manager Schools (Coastal Regions, Free State, Northern Cape) elana.bredell@nb.co.za of
**Henk Viljoen** Streeksverkoopbestuurder: Skole (GT, MPU, NW, E.C., L) | Regional Sales Manager Schools (GT, MPU, NW, E.C., L) **henk.viljoen@nb.co.za**.